Graad 3 - Lewensvaardigheid

Lewensiklus

Afrikaans Huistaal – Kreatiewe Kunste (Leer Kennis)

Lewensiklus van ‘n Skoenlapper

<u>Die skoenlapper lewensiklus sluit vier fases in:</u>

Fase 1:



‘n Skoenlapper begin lewe as 'n baie klein, rondeof ovaal eier. Die eiervorm hang af van die tipe skoenlapper wat die eier gelê het.

Fase 2:



Die ruspe is ook bekend as die larwe. Wanneer die eier uiteindelik uitbroei, verander dit in 'n larwe (ruspe). Ruspes bly nie in hierdie vorm vir lank nie en in hierdie fase eet hulle.

Fase 3:



Sodra die ruspe klaar gegroei het, vorm hulle hulself in 'n papie. Binne-in die papie, verander die ruspe vinnig.

Fase 4:



Wanneer die ruspe al sy vorming en verandering in die papie gedoen het, verander dit in 'n volwasse skoenlapper.

Video Skakel (Opsioneel):

https://youtu.be/dM71jKNuk-M



Graad 3 - Lewensvaardigheid

Lewensiklus

Afrikaans Huistaal – Kreatiewe Kunste

Wat jy gaan nodig kry:

- Twee A4 wit papiere (met of sonder lyntjies)
- Skêr
- Gom
- Inkleurpotlode
- Potlood/Pen/Swart merker

Opsionele materiaal:

- Kleur karton

Metode:

Stap 1:
Gebruik jou A4 Wit papier om jou skoenlapper te teken. Die skoenlapper bestaan uit drie dele. Trek elke deel afsonderlik. Twee pare vlerke en die lyf van jou skoenlapper.



Opsioneel:

- Gebruik kleur karton om jou skoenlapper op te teken.

Stap 2:
Knip die liggaam van jou skoenlapper uit saam met twee pare vlerke. Onthou om uit te knip langs die buite lyne.



Stap 4:
Gebruik die oorblywende paar vlerke om die volgende te trek:



Linker vlerk:
Bo – Eiers
Onder – Skoenlapper

Regter vlerk:
Bo – Larwe
Onder – Papie



Stap 5:
Neem die vlerkpaar wat rigting aandui en sny hul. Sien voorbeeld onder.



Stap 3:

Versier die liggaam van jou skoenlapper saam met een paar vlerke deur die gebruik van jou kleur potlode. Gebruik jou potlood/pen/swart merker om die nodige terme op te skryf.

Op die liggaam – Lewensiklus van ‘n skoenlapper

Linker vlerk:
Bo – Eerste
Onder – Laaste

Regter vlerk:
Bo – Volgende
Onder – Dan

Stap 6:

Gebruik jou gom om jou skoenlapper se lyf in die middel van die ingekleurde vlerke te plak. Plak die volledige skoenlapper op die ekstra paar vlerke. Plak slegs die twee middelste dele aan mekaar vas.



FINALE PRODUK